



AMBITON
FINANCIAL SERVICES

AMBITON
FINANCIAL SERVICES

ASSIST

086 146 5929

PERSONONLIKE

*'n Gemagtigde Finansiële Dienste Verskaffer
FSP No 8777/8776*



PAD BYSTAND

Onderskryf deur Mutual & Federal

Ambiton Assist bied al die voordele 24 uur per dag, 7 dae 'n week, 365 dae 'n jaar. Pad Bystand dek tot 'n bedrag van R3 000 (BTW ingesluit) per jaar. Die dekking sluit in bystand vir meganiese en elektriese probleme, hulp na voertuigongelukke en 'n verskeidenheid van ander noodgevalle.

MEGANIESE OF ELEKTRIESE PROBLEME

Ambiton Assist sal reël vir die insleep van u voertuig na die naaste hersteller in 'n radius van 40km.

Indien u voertuig verder as 100km van u woonadres of bestemming onklaar raak, waar beskikbaar en ten oordeel van Ambiton Assist, sal Ambiton Assist:

- 'n Huurmotor tot u beskikking stel (groep A of B), beperk tot 'n maksimum van R500 (BTW ingesluit) per insident (onderhewig aan die vertoon van 'n geldige kredietkaart en bestuurslisensie).*

OF

- Hotel verblyf reël vir 4 mense tot 'n maksimum limiet van R500 (BTW ingesluit) per insident.*

Indien u nie kan bekostig om u reis te onderbreek as gevolg van die herstel van u voertuig nie, sal Ambiton Assist tot R500 (BTW ingesluit) betaal vir die terugbesorging van u voertuig.

** Onderhewig aan beskikbaarheid.*

Ambiton Assist sal ook die uitroepfooi en eerste uur arbeid dek indien u een van die volgende dienste benodig:

- Slotmaker bystand.
- Pap motorband-bystand.
- Pap battery-bystand.*
- 20 liter brandstof in geval van nood. U dra egter self die koste van die brandstof.

** Sekere voertuie se elektroniese stelsels kan deur oorlading (jumpstart) beskadig word. Ambiton Assist aanvaar geen verantwoordelikheid vir die skade berokken indien u oorlading sou verkies bo die insleep van die voertuig.*

LET WEL:

- Ambiton Assist dek nie die koste van onderdele of herstelwerk vir die meganiese of elektriese onklaarraking nie. Dit sluit in, maar is nie beperk tot, nuwe batterye, bande, slotte en sleutels.
- Ambiton Assist dek nie insleep kostes vir voertuie wat 10 jaar of ouer is nie. Slegs van toepassing op meganiese of elektriese onklaarraking.

PAD ONGELUKKE

Ambiton Assist sal reel vir die insleep van u voertuig na die naaste hersteller. U sal dekking geniet tot n maksimum van R1500 (BTW ingesluit) per insident.

Let asseblief daarop dat Ambiton Assist nie die volgende kostes dek nie:

- Bystand ten opsigte van 'n voertuig wat nie deur u Ambiton Assist polis gedek word nie.
- Diefstal, herwinnings-inslepe en her-inslepe.
- Onderdele, nuwe batterye, bande, slotte, sleutels en so meer.
- Vervanging van 'n beskadigde band indien u nie 'n spaarband tot beskikking het nie.

Ambiton Assist kan nie aanspreeklik gehou word vir insleepkoste wat nie deur die oproepsentrum gemagtig is nie.



GEVORDERDE HUISHOUDELIKE INSTANDHOUDING

Onderskryf deur Mutual & Federal

Uiteindelik is daar 'n pakket van voordele wat spesifiek saamgestel is om die alledaagse probleme in en om die huis op te los wat 24 uur per dag beskikbaar is. Dit sluit in:

- Elektries
- Motors
- Loodgieter
- Toestelle
- Elektronies
- Slotmaker
- Ander
- Verhuising

Ingesluit by hierdie produk is ook die verhuisings voordeel. Hierdie voordeel is spesifiek geskep om die las van verhuising van u woning te verlig, en dek tot R1 000 (BTW ingesluit) per insident.

Geen bybetaling is van toepassing vir eise minder as R600 (BTW ingesluit) vir elektriese toerusting, loodgieterdienste, toestelle, motors, elektronika en slotmakers. Bybetaling (R280 BTW ingesluit) geld altyd vir verhuisings en ander voordele.

Tabel van voordele

Deur gebruik te maak van ons databasis van goedgekeurde verskaffers, kan ons u bystaan met die volgende:*

ELEKTRIES	ELEKTRIESE MOTORS	ELEKTRIESE TOESTELLE	ANDER
Foutiewe ligte	Hek	Mikrogolfoonde	Boomsloping
Foutiewe kragpunte	Swembad	Stowe	Bye-vangers
Warmwatertoestel termostaat	Jacuzzi	Yskaste	Nutsman
Warmwatertoestel element	Motorhuisdeur	Vriestkaste	Vullis/rommel verwydering
Kragonderbrekings	LOODGIETER	Wasmasjiene	Mat/stoffering skoonmakers
Verdelingsborde	Verstoppe riool	Tuimeldroërs	Pesbeheer
Aardlekkasies	Lekkasies	Skottelgoedwassers	Geut skoonmaak diense
Stoofplate/elemente	Kraanwasser	ELEKTRONIES	VERHUISING
Algemene bedrading	Warmwatertoestel klep	Televisies	Verhuisings-maatskappye
Hoofkabels	Gebarsle pype	DVD Spelers	Skoonmaakdienste
Lig skakelaars	Verstoppe bad, wasbak en krane	Hoëtroustelle	Matskoonmakers
Gebrande kragpunte	Stort-uittlatings	Videomasjiene	Nutsman
Weertligbedrading	Toiletribbers	SLOTMAKER	Sekuriteitswag
Foutiewe stroombane	Wateraansluitings	Opsluit van deure	Sekuriteitsmaatskappye
	Munisipale aansluitings	Vervanging van 'n slot	Vullis/rommel verwydering
			DSTV/TV-installasies

* *DSTV installasies nie van toepassing op nuwe installasies nie*

Let wel: Hierdie is 'n instandhoudings produk en dek nie die vervanging van toestelle, elektronika, warmwatertoestelle of enige gevolglike skade, ens. nie.

- Ambiton Assist kan nie aanspreeklik gehou word vir eise wat nie aangemeld is by die oproepsentrum of waar ons nie die diensverskaffer aangestel het nie.
- Herstelwerk is onderhewig aan beskikbaarheid van parte.
- Die bybetaling en enige bedrae wat die maksimum dekking oorskry, moet direk aan die diensverskaffer betaal word.
- Geen handtoestelle word gedek nie.
- Vervanging van slotte is beperk tot een slot per eis.
- Toestelle 10 jaar en ouer word slegs op 'n fooi-vir-diens basis gedek. Geen verdere dekking is van toepassing.
- Jaarlikse perk van R4 000 (BTW ingesluit) per polis.
- Geen bybetaling is van toepassing vir eise minder as R600 (BTW ingesluit) vir elektriese toerusting, loodgieterdienste, huishoudelike toestelle, motors, elektronika en slotmakers.

Die volgende maksimum dekking per eis, foute per eis en bybetalings is van toepassing:

PRODUK	MAKSIMUM DEKKING PER EIS	HOEEVEELHEID FOUTE PER EIS	BYBETALING PER EIS
Elektries en Loodgieter	R2 000	4	R280
Huishoudelike of Kantoortoestelle, motors, Elektronika en Slotmakers		1	R280
Verhuising	R1 000	1	R280
Ander	R1 000	1	R280


Ambiton Assist het 'n groot databasis van goedgekeurde diensverskaffers beskikbaar op verwysingsbasis sou u die dienste benodig.

MEDIESE BYSTAND

24 uur Mediese Bystand is tot u beskikking 24 uur per dag, 7 dae n week, 365 dae n jaar.

In die geval van 'n mediese noodgeval wat gepaard gaan met liggaamlike besering of enige ernstige mediese toestand sal ons reël vir die volgende:

- Nood telefoniese "911" tipe mediese advies en inligting.
- Mediese noodreaksiediens na die ongelukstoneel.
- Noodvervoer na die naaste, mees geskikte fasiliteit vir verdere mediese sorg.
- Telefoniese berading en/of verwysing na 'n sielkundige of psigiater.
- Bystand van minderjariges wat tydelik gestrand is.
- Vervoer van stoflike oorskot.
- Nie – ongevalle en ander mediese advies.
- Gewaarborgde hospitaaltoelating tot die bedrag van R5 000 (BTW ingesluit). Die bedrag is terugbetaalbaar deur die polishouer of die polishouer se mediese fonds.
- Dekking is beperk tot R10 000 (BTW ingesluit) per jaar.



REGS BYSTAND

Ambiton Assist bied regsadvies en bystand deur gekwalifiseerde prokureurs.

Dit omsluit die volgende:

- Telefoniese regsadvies.
- Twee gratis halfuur konsultasies met 'n prokureur.*
- Pro forma ooreenkomste wat in standaard vorm bekom kan word deur ons oproepsentrum te kontak, soos byvoorbeeld huishulp dienskontrakte, standaard huurooreenkomste, standaard koop- en verkoopsooreenkomste, standaard kredietooreenkomste.

** Op aanbeveling van ons regsadviseur. Hierdie voordeel voorsien u slegs met basiese telefoniese regsadvies. Vir meer tegniese vrae moet polis houers verwys word na meer gekwalifiseerde regsadviseurs, wat moontlike koste implikasies kan inhou vir die polishouer.*



EEZI BYSTAND

U het geen rede om ons telefoonnummer te onthou nie. Druk slegs 'n knoppie op u selfoon en ons skakel u!

Hierdie voordeel is 24 uur per dag, 7 dae 'n week, 365 dae 'n jaar beskikbaar.

Registrasie vir EEZI bystand

1. U registreer u en 4 van u direkte familie se selfoonnummers op die webwerf bit.ly/Ambiton_Eezi_Assist
2. Voltooi die Eezi Assist registrasie vorm.
3. Kies "save".
4. Ons sal vir u 'n SMS stuur waarmee die funksie op 'n toegekende knoppie op u selfoon geaktiveer moet word.
5. Indien 'n geregistreerde familielid hulp benodig, moet hul net die toegekende knoppie op hul selfoon druk en hulle sal ook gehelp word.* (Soos uiteengesit in u polisbewoording).

LET WEL:

Daar moet lugtyd op die selfoon beskikbaar wees. Indien u nie toegang het tot die Internet nie, en u wil graag registreer, of indien u addisionele bystand benodig, skakel ons gerus op 086-146-5929.

** Selfoon opvangs is netwerk afhanklik.*

In teenstelling met soortgelyke produkte op die mark, bied Eezi Assist die bogenoemde diens aan jou en 4 direkte familielede teen geen ekstra koste.

Hierdie is 'n opsomming van die voordele en moet in samehang met u polisbewoording gelees word. Hierdie produkte bestaan uit risiko en nie-risiko produkte.

Hierdie voordele is slegs geldig binne die grense van Suid Afrika.



'n Gemagtigde
Finansiële
Dienste Verskaffer
FSP No.:26908

Underwritten by:
MUTUAL & FEDERAL | risk financing

A member of the  OLDMUTUAL Group

Authorized Financial Services Provider

Januarie 2015